# 5 Julie 2023 - Lesing 66 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Wedervaringe van die laaste volgelinge in die tyd van die Antichris – 19/3/58

**NO: 7068** Net soos byna twee duisend jaar gelede sal Myne weer vervolg word terwille van My Naam. Nog staan dit julle vry om die evangelie te verkondig, nog kan julle ongehinderd opkom vir My en My Naam. Nog staan geen maghebbers julle in die weg wat julle spraak en dade verbied nie, **maar die tyd sal kom waarin julle nie meer vry nie, maar slegs nog in die verborgene sal kan arbei vir My en My ryk**. Derhalwe moet julle hierdie tyd goed benut en dus arbei solank dit nog dag is.

Julle sal nie kan begryp wat dit vir julle beteken om in alle vryheid te kan spreek en niemand te vrees wat julle arbeid vir My sal verbied nie, daarom moet julle stry met die **swaard van die mond**.

Julle moet elke geleentheid aangryp om aan die mense **My Woord, die EWIGE WAARHEID**, te bring en julle moet ook deur die krag van My Naam werk. Julle moet melding maak van die Verlossingswerk van JaHshua Messias en Hom oral verkondig, want ‘n gebied sonder lewe is oral waar die mense sonder geloof in die Goddelike Verlosser voortlewe. Tot hulle moet julle die “Lewe” bring, julle moet My Woord met groot ywer aan hulle verkondig, omdat julle nie meer veel tyd het om in vryheid onder julle medemens te kan werk nie.

Wanneer die Antichris sal optree sal julle ook, My dienare, **van hierdie vryheid beroof word**, ofskoon ook julle arbeid dan nog nie ten einde geloop het nie.

Maar julle sal dan maar net nog met die grootste versigtigheid en wysheid julle arbeid in die wingerd kan verrig en waarmee julle ook met My krag sal slaag. En wat vir julle tot op hede nog ongelooflik blyk te wees, sal ‘n realiteit word in die tyd wanneer die Antichris bemagtig word. - Maar ook dan het Ek nog moedige belyers van My Naam nodig, wie nie die wêreld en haar heersers sal vrees nie, **maar openlik vir hulle dade sal opkom wanneer hulle rekenskap sal moet aflê.**

Soos wat dit eens met My dissipels gegaan het, so sal dit ook met julle geskied **wie Ek as laaste volgelinge gekies het vir die verspreiding van My evangelie**. Ek verseker julle van My beskerming en sê daarom weer: Wees nie besorg oor wat julle dan sal sê nie, want Ek sal vir julle die Woorde in julle mond lê.

Daarom hoef julle die aardse mag nie te vrees solank julle My aan julle sy roep nie, want Ek sal hulle Self passend antwoord. Hulle sal geen enkele aanleiding kan vind om julle aan te val, **totdat julle missie ook vervul sal wees** en dit bepaal Ek alleen en nooit die maghebbers nie, wie ook net so onder My en My wil staan.

Sodoende sal julle ook begryp dat elke werk wat reeds in hierdie tyd vir My verrig word, **tot versterking van die geloof van die swakke mense sal kan bydra**. Dat julle dus nie genoeg voorbereidende werk kan doen nie, sodat die mense kan standhou tydens die kwellinge deur die Antichris, wat natuurlik hierdie mense sal probeer hinder in hulle geestelike strewe. Maar hy sal by hulle wat reeds ‘n lewende geloof in My gevind het, niks kan bereik nie, want hulle sal ‘n muur bou waarteen hy vergeefs sal stormloop en wat hy nie sal kan laat wankel nie.

Hy sal egter ‘n maklike spel hê by hulle wat slegs ‘n vormgeloof besit en wat dit sonder weerstand sal opgee in die aangesig van die gewelddadige maatreëls deur My teenstander. Hierdie mense sal kragteloos wees en ook sonder lig, hulle sal nie die 1)**krag van My Naam** ken nie en ook nie die 2)**krag van ‘n lewende geloof** nie, nog minder die 3)**Krag en Mag van een God** - Wie Meester is oor lewe en dood.

Solank as wat julle die moontlikheid het om te spreek en vrylik te werk, moet julle egter My liefde en Mag aan julle medemense verkondig. Julle moet My leer van die liefde aan hulle predik en hulle wys op die tyd wat sal kom en wat slegs deur ‘**n diep geloof aan My in Jesus Christus** deurstaan sal kan word.

Hierdie geloof kan die oorwinning gee aan almal wat aan My getrou sal bly, **wie My en My Naam** openlik voor die wêreld sal bely wanneer daardie bekentenis van hulle geëis sal word.

Julle moet egter ook die **nabye einde** aankondig, sodat hulle sal weet hoe waardeloos dit is om terwille van aardse goedere, op die aandrang en die verlange van die vyand, in te willig. Niemand sal hulself lank oor hul vermeende besittings kan verheug nie, omdat die tyd van die Antichris beperk sal wees en met hom ook sy aanhang.

Want terwille van My uitverkorenes sal Ek die dae verkort en ‘n einde maak aan sy aktiwiteite.

En daarom kan julle wat My met alle ywer dien, in hierdie laaste tyd niks meer verloor nie, maar slegs onuitspreeklik baie wen. Want as julle vervolg sal word terwille van My Naam, sal julle as My ware volgelinge nog siele red wat na julle kant toe sal oorloop en die lot van julle almal sal heerliker wees as wat julle ooit aards aangebied kon word deur hom, wat wil bereik dat julle My sal verraai.

Want wie vir My stry, met hom is Ek Self en Ek sal julle waarlik tot die oorwinning voer. Amein.